

Saterdag 11 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:10-18; 4:14-16;

HK Sondag 14, Antwoord 35

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:17; 4:15

In alles aan sy broers gelyk

In verband met die menswording van die Seun van God is dit belangrik om daarop te let dat Hy nie ons menslike natuur gedeeltelik aangeneem het nie, maar wel so dat Hy aan ons, sy broers en susters, in alle opsigte gelyk is, uitgesonderd die sonde. As ons die sonde uitskakel, is daar na sy mensheid geen enkele verskil tussen Jesus en ander mense nie. Hy is gebore uit 'n vrou soos elke mens. As kind moes Hy leer loop met wankelende passies en leer praat met stamelende woordjies. Ook het Hy in wysheid toegeneem (Luk. 2:52). Bowendien het Hy ons menslike natuur met al sy swakhede aangeneem. Ons lees weliswaar nie dat Hy siek was of enige liggaamsgebrek gehad het nie. Tog weet ons dat sy menslike natuur ook vir pyn en droefheid vatbaar was. Jesus het ook gehuil na Lasarus se dood en oor die verharding van die Jode (Joh. 11:35; Luk. 19:41). Hy het ook honger en dors gehad (Joh. 4:7, 8). Hy het ook behoefte aan vriendskap en meelewing gehad, en as sy dissipels Hom verlaat het, het dit Hom pyn aangedoen (Mark. 14:27, 37). In Getsemane leer ons Hom ken in sy angste vir die kruislyde en die dood (Mark. 14:32-42).

Hierdie feit dat Hy, behalwe vir die sonde, aan sy broers en susters in alle opsigte gelyk was, het vir ons 'n oneindig heerlike betekenis. Nou weet ons immers dat niks wat eie is aan die mens vir Hom vreemd is nie. Hy ken ons pyn en smarte, ons vreugde en blydschap nie van *hoorsê* nie, want Hy het dit self alles ervaar. Hoewel Hy as God alwetend is en dit nie nodig gehad het om ons menslike nood en vreugde so te leer ken nie, gee dit tog aan ons groter vrymoedigheid om ons hulp en troos by Hom te soek.

Hy ken die probleme van die jongmens, want Hy was self 'n jongmens. Hy weet wat dit is om deur die wêreld bespot en verag te word, want Hy is self bespot en verag (Matt. 29:27-31). Hy weet wat dit is om eensaam te wees, want Hy was alleen en eensaam soos niemand anders dit was of sal wees nie. Hy weet wat die gewig van die probleme is as ons daarmee na Hom toe vlug, en Hy sal ons daarmee help soos wat niemand anders dit ooit kan doen nie. Dat niks mensliks vir Hom vreemd is nie, is 'n wete wat waarlik rus, vrede en troos in ons gemoedere moet bring. Omdat Hy, behalwe vir die sonde, net so 'n mens soos ons was, behoort ons ook erns te maak met die vermaning van Johannes (1-2:6): “*Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.*”